

# Mediaverklaring

## Skoolplasings buite ouers se beheer

2022/01/06

Die nuwe skooljaar begin op 12 Januarie vir binnelandse skole en in Gauteng is baie ouers steeds onseker of hulle kinders geplaas is of ongelukkig oor waar hulle geplaas is.

Volgens die Gautengse Onderwysdepartement (GDO) is dit ouers se verantwoordelikheid om te sorg dat hulle kinders by 'n skool geplaas is voor die aanvang van die skooljaar. Dit blyk egter 'n redelik onmoontlike taak te wees, aangesien die aanlyn plasingstelsel nie voorsiening maak vir enige weiering van aanbiedinge nie en leerders plaas "waar daar plek is" sonder om ouers se goedkeuring te verkry.

Ouers wat reeds vroeg in die aansoekproses hul kinders op die aanlyn stelsel geregistreer het, kla nou dat hulle lukraak by skole ver van hul huise, of skole wat hulle glad nie verkies nie, plek toegewys word. Sommige leerders is geplaas by ander skole as waar hulle graad R voltooi het of by skole wat verskil van dié waar hulle sibbe reeds skoolgaan. By distrikskantore word ouers nie gehelp wanneer hulle navraag doen oor probleme nie en gesê dat daar bloot nie in ander skole plek is nie.

Die woordvoerder van die Departement van onderwys (DBO), Elijah Mhlanga, sê die kwessie van ongeplaasde leerlinge is 'n jaarlikse probleem in alle provinsies. Dit gebeur glo as gevolg van mense wat van een plek na 'n ander verhuis het. Hy verwys na nagenoeg twintig- tot dertigduisend leerders landwyd wat aan die begin van die jaar eers aansoek doen vir plasings landwyd en dan geplaas moet word by reeds oorvol skole.

Dit is egter nie die kernprobleem in Gauteng nie. Aansoeke het laat geopen in 2021 en finale plasings was teen 15 Desember steeds nie afgehandel nie. Talle ouers in die provinsie het gevra het dat die aanlyn toelatingstelsel vir graad een en agt geskrap word en dat die departement dit moet oorweeg om weer die ou toelatingsproses te gebruik.

"Dit is nie noodwendig 'n oplossing nie om terug te gaan na die ou prosesse nie, maar dat die huidige aanlyn stelsel dringende aandag moet geniet, is verseker. Die stelsel is nou só gesentraliseerd en kompleks dat ouers geen beheer het oor waar leerders geplaas word nie. Dit is uiters frustrerend vir ouers wat nie net ekstra voorsiening moet maak vir vervoer en ander noodsaaklikhede nie, maar ook voel dat hulle kinders se toekoms erg benadeel word," sê Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling by die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS).

Vir alle medianavrae:

